Ps. 84: 1, 3.
Ges. 150: 2. (1, 2).
" 31: 2, 5.
Ges. 156: 5, 6.

# Die Stroom van Lewende Waters! P[a]lKp 5 Junie '66

Esegiel 47:1-12, Openb. 22:1-5

Eseg. 47: 5, 9 – Want die waters het opgerys – waters om in te swem; 'n stroom waar 'n mens nie deur kan loop nie. En die waters sal gesond word, en alles sal lewe waar die stroom kom.

Die profeet wat hier skrywe sit as balling saam met sy volk by die Kebarrivier in Babel. God dra aan hom op om in verskeie visioene sy medeballinge te profeteer van hulle terugkeer na Palestina en dat 'n nuwe tempel gebou sou word met die heerlikheid van God wat daarvan besit sou neem.

Teenoor die ballinge se moedelose gedagte dat dit uit en gedaan was m. Gods volk, kan bring hy hulle ~~x~~ nie alleen die hoopvolle visioen van terugkeer (37) en die bou van 'n nuwe tempel nie (40-44) maar God gee hom nog 'n verdere gesig (47) van 'n stroom van lewende water wat uit die heiligdom v.d. tempel uitvloei, in 'n al groter wordende stroom tot dit (in 'n suid-oostelike rigting) uitmond in die Dooie See.

Dat daar een of ander bron of fontein van water by d. tempel ontspring om dan verder te vloei – dit was vir geen godsd. Jood 'n vreemde of nuwe gedagte nie. Trouens so was dit in die ou tempel met sy vywers met heilige waters. Na hd. waters verwys Jesus as Hy op d. laaste dag v.d. groot fees opstaan & uitroep: Joh. 7:37-39!

Nu. hier in Esegiël se gesig is 'n paar merkwaardige mededelinge ~~wat~~ i.v.m. die waters wat so anders is as d. waters v.d. ou Joodse tempel dat ons daarby moet stilstaan:

I *Die Groeikrag van die Waters:* Die „man", d.w.s. die engel v.d. Here (die Xtus v.d. O.T.) wat Esegiël in 'n visioen d. tempel wys, laat hom sien hoe die waters a.d. oostekant v.d. tempel ontspring en dan wegvloei na die Dooie See. Ongeveer 500 tree van die tempel het die waters gereik tot aan d. profeet se enkels; 500 tree verder reeds tot by die knieë; 500 tree verder reeds by heupe; en na nog 500 tree was dit reeds ver oor sy kop — 'n magtige groeiende stroom.

Hoe totaal anders as waaraan die inwoners van h.d. land gewoond was: hoe verder van die bron, hoe minder water, hoe meer verloop dit & verdwyn in die sand! (Soos waters in die dorre Karoo).

Juis, sê God aan Esegiël, Ek wil jou wys dat in die Godsryk dit altyd anders is as in julle aardse ryk: die Gees v God wat die lewende waters laat ontspring vanuit Gods huis, sorg d/voor dat op bo-natuurlike manier die stroom-pie klein begin groei tot stromende waters! Visioen wat God aan Esegiël gee van wat sou gebeur:

Xtus voorsê dit reeds ~~as~~ by d. Kon. v O ingelyk m.d. mosterdsaad en d. suurdeeg. Hyself begin met 12 volgelinge (die fontein). By Hemel-vaart is hulle 120 (enkels), op Pinksterdag reeds 3000 (knieë), daarna brei d. Evangelie na Judea, Galilea & Samaria (heupe) en dan vandaar in 50 jaar die hele Klein-Asië & Europa te oorspoel in 'n groot onkeerbare onmeetbare stroom

En nou word d. hele bedoeling van die visioen vir ons duidelik: die Godsryk wat Xtus kom stig het was nooit bedoel om afgesonderd, rustig eenkant te staan nie — dit moes uitstroom buite d. kerkmure, buite d. gemeentemure: dit moes sy lewe uitstort ver buite sy grense. Daarom sou dit nie nodig wees om God alleen in die tempel te leer ken nie, mr. die tempel sou nou uitvloei en afdaal na d. mense. Dus: as d. wêreld nie na d. kerk kom om sy dors te les, dan moet die kerk na d. wêreld uitgaan, uitstroom! Die waters van die Dooie See v.d. wêreld kan nie opstroom na d. tempel loop nie; mr. die heilige heerlike waters v.d. tempel Gods vloei uit na die Dooie See!

(Ais die mere, d. hart v.d. evangelisasie-aksie v.d. Kerk. Daarom nie sê: „Kerkdeure staan oop" — wys hoe min by Gods opdrag verstaan en uitvoer!)

→ Hdag: Lyk in meer as een opsig of die stroom of verloop in die sand of bevries in koue ys: Europa-Asië & China — Afrika: die werfkrag, die aanwas v.d. Xtdom i.v.m. ander godsdienste & ideologieë. Waar? Die skuld lê seker nie by God nie — net een plek: by die Kerk! Want as die ...d. v God reg gepraat word, as die Gees v God soos 'n nuwe vloed v. lewende waters uit ons harte stroom na d. woestyne om ons heen sal daar dan nie baie meer duisende na Xtus kom nie? Die „Dooie See" van mense se harte raak nie?

Onthou verder: die stroom v God kan nooit meer ophou nie — die Godsryk word nooit meer ge-keer — die werk v.d. Here gaan voort. Maar as die kerk nie die bevele van die H. Gees gehoorsaam, gaan God by dd. kerk verby — keer Hy d. stroom in 'n ander bedding (vide Israel)!

## II Die Lewewekkende Krag v.d. Waters:

Die vlakte tussen Jerusalem & die Dooie See was 'n kaal, onvrugbare, boomlose & struiklose stuk aarde – niks daar gegroei nie. En nou as Esegiël tree-stap langs d. stroom sien hy pragtige bome daar staan, een daarby bome wat vrugte dra waarvan die blare gebruik word om genesing te bewerk.

Mr. dis nog nie al nie: sodra die waters die Dooie See binnevloei word die giftiger see, oorversadig v. sout en Kloormagnesium, omskep in lewendgewende, gesonde waters! Oral waar d. water raak, daar kom lewe, vrug, genesing! (Vgl. heidendom van [illegible])

Verstaan u wat God aan Esegiël wou sê – en aan sy Kerk van 1960? Dat daar waar die stroom v.d. H.Gees vloei daar word nuwe mense gebore met nuwe gesindhede // mense wie se lewens vrug dra, mense wat, in aanraking kom met d. gif v. haat en twyfel & onreinheid in ander se lewens – en dit omskep tot lewe en seën! Nog nie al: daar waar Xtene d. sout van hulle omgewing word, d. lig v. hulle stede, daar kom genesing: genesing v haat, van wantroue, van vrees, van hebsug, van hoogmoed, van vooroordeel! Dis die mense van Pinkster – en waar dit nie kom, daar is geen Pinkster moontlik nie!

Op. 22:1,2 – „En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water v.d. lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit d. troon v God en van die Lam.

I.d. middel v. sy straat en weerskante v.d. rivier was d. boom v.d. lewe wat 12 x vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare v.d. boom is tot genesing v.d. nasies."